
# JOHANNES PETRUS MEYER: 1842 - 1919: Boer, Transportryer, Veldkornet, Mynmagnaat, Volksraadslid, Stigterslid van die Witwatersrand Landbougenootskap.

*J.H. Human (GOK)*

Deurdat die sillabus vir die primêre skool voorsiening maak vir 'n bestudering van die geskiedenis van die dorp, stad of distrik, bied dit aan die onderwyser die geleentheid om die geskiedenis op so 'n wyse na die kind toe te bring dat hy dit nie hoef te leer nie maar eerder geprikkel word om daaroor na te dink. Hierdie nadenke moet vrae in sy gemoed laat ontstaan oor die **wie, wat, wanneer, waar en betekenis** van geskiedkundige gebeurtenisse. Die vertrekpunt by die aanbieding van lesse oor die eie omgewing is gewoonlik die individu en die rol wat hy of sy in die geskiedenis van 'n bepaalde dorp of distrik gespeel het. In hierdie verband kan die lewensgeskiedenis van Johannes Petrus Meyer waardevol gebruik word in die aanbieding van lesse oor die geskiedenis van **Alberton, die ontdekking van goud of die geskiedenis van die Randse Paasskou.**



*Johannes Petrus Meyer en sy vrou, gebore Stephina Petronella Strydom.*

Johannes Petrus Meyer, was die seun van 'n Voortrekker, Johan George (Org) Meyer. Hierdie knap sakeman en suksesvolle boer het die voorreg gehad om te leef in die jare van die stigting van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die Transvaalse Vryheidstryd (waarby hy betrokke was), die ontdekking van goud (hy was die enigste boer wat 'n myn besit het), die Jameson-inval, die Runderpes, die Anglo-Boere-oorlog, die Rebellie en die Eerste Wêreldoorlog.

## Familiegeskiedenis

Die familie Meyer is van Duitse afkoms. Die stamvader het in 1750 vanuit Babelenheim, Elsas-Lotharinge, na die Kaap gekom. Sy aankoms hier het saamgeval met wat in die geskiedenis van Suid-Afrika bekend staan as die eeu van die Veeboer-pionier, 1707 - 1779. Die Meyers het gou deel van hierdie ooswaartse beweging van die Kaapse veeboere geword en het plase bekom by Kweekvallei, nou bekend as Prins Albert. In 1830 bevind hulle hulle in die distrik Graaff-Reinet.

## Die Meyers en die Groot Trek

Johan George Meyer, Johannes Petrus se vader, het die Groot Trek meegemaak. Hy was na alle waarskynlikheid 'n lid van die trekgeselskap van Andries Hendrik Potgieter en het as ongetroude jongman saam getrek tot by Ohrigstad. Lede van die trekgeselskap het volgens oorlewering laer opgeslaan naby die huidige standplaas van die Nederduits Gereformeerde Gemeente Alberton-Suid. Op die grond waar die pastorie vandag staan, is die graf van 'n Voortrekkervrou en kind. Ons kan geredelik aanvaar dat Org deel was van die geselskap van elf man wat in 1835 noordwaarts gereis het om Trichardt op te soek en die wêreld in die noorde 'n bietjie deur te kyk. Met sy terugkeer uit die noorde in Augustus 1836 was hy net betyds om sy mense te organiseer dat hulle by Vegkop, Oktober 1836, hulself kon verdedig teen 'n aanval van die Matebele. Ons kan ook aanvaar dat Org aan die slag van Vegkop deelgeneem het. Hierna blyk dit dat Org teruggekeer het na Prins Albert. In 1840 is hy getroud met Hester Mulder en op 26 Junie 1842 is Johannes Petrus op Prins Albert gebore.

**Org Meyer en Alberton**

In 1844 het Org na die Transvaal teruggekeer en die eienaar geword van drie plase. Elandsfontein (die familieplaas), Klipriviersberg en Alwynspoort. Op die familieplaas is die volgende woongebiede van die huidige Alberton aangelê: Florentia, Verwoerdpark, Elspark, Alrode ('n nywerheidskompleks), Alberante, New Redruth, Raceview, Mayburypark en die suidelike dele van Germiston. Klipriviersberg was 3 500 morg groot. Die een hoekbaken van dié plaas het in die Wemmerpan gestaan. Die westelike grens het geloop verby Lynnmeyer tot by die opstal van die aangrensende Palmietfontein en sluit die Rietvlei dieretuin in. Die suidelike grens het gestrek tot by Alrode en die oostelike grens het gestrek tot by die punt waar Suidheuwels en Southcrest mekaar ontmoet.

Met sy terugkeer na 'n besoek aan sy familielede in Prins Albert in die laat veertigerjare het Org Meyer gevind dat ene Smit hom op sy tweede plaas, Klipriviersberg, tuisgemaak het. Hy het Smit daarop gewys dat dit sy grond is. Smit het aangedui dat hy nie daar sal bly nie en dat hy op die punt gestaan het om verder noordwaarts te trek. Omdat daar in die veertigerjare van die vorige eeu so min blankes hier gewoon het, was Org Meyer bly dat hy 'n blanke buurman so naby het en het Klipriviersberg aan Smit gegee.


Sy naaste bure was anderkant Heidelberg, naby die huidige Zuurbekom, langs die Mooirivier by Potchefstroom en enkele kilometer duskant Pretoria. Smit is in 1860 oorlede en nadat sy boedel afgehandel is, dit het baie jare geneem, het Klipriviersberg weer in die mark gekom. Jan Meyer, Org se seun, wou graag die plaas bekom. Omdat die hoofpad tussen Vereeniging en Pretoria naby die plaas verby gegaan het, wou 'n paar handelaars ook die plaas bekom met die doel om 'n winkel op te rig. Jan het dieselfde gedagte gehad. Op hierdie tydstip kon 'n plaas verniet bekom word, maar omdat hier nou mededingers was is die hoogste bod vir die plaas nl. £500 op Jan Meyer toegeslaan. Jan het slegs £200 gehad en die res het hy by ene Erasmus wat naby die latere Irene geboer het, geleen. Hy het 'n winkel op die plaas opgerig en begin transportry. Erasmus het geweier om 'n skulderkenningsbewys van Jan Meyer vir die geleende bedrag te aanvaar want in daardie tyd was 'n man se woord genoeg sekuriteit. Die £300 is binne enkele maande terug betaal. In 1855 het die Meyers weer hulle familie in Prins Albert gaan besoek. Op pad terug, by Colesberg is Org oorlede. Die verantwoordelikheid om die familie weer terug te neem tot in die Transvaal het nou op die skouers van die 13 jarige Johannes Petrus gerus. Dit was nie 'n maklike taak nie. Vol riviere moes met vlotte oorgesteek word en die vee moes snags beskerm word teen wilde diere. Dit het baie gereën en daar was nie droë hout om vure te maak nie. 'n Broer van Jan het in 1851 verkluim, terwyl hy met 'n wa en span osse langs die Jukskeirivier hout gaan haal het. Daar het 'n heuwige storm losgebars en kapok het hulle oorval. Die vee en die Swartes het die loop geneem en hy het onder die wa skuil gehou. Jan Meyer is getroud met Christina Salmina Meyer, (nie verwant nie) en in 1860 het hy sy eerste huis gebou op die grond waar die Albertonse nuwe burgersentrum vandag staan. Hierdie stukkie grond van 13 morg, het hy vir £13 van sy stiefvader, Abraham Viljoen gekoop. Sy koringland en vrugtebome is met 'n leivoor uit die Natalspruit natgelei. Christina is met die geboorte van hulle vierde dogter op 31 Julie 1870 oorlede. Hy het hier gebly tot met die dood van hierdie dogtertjie op 29 Augustus 1871. Ondertussen, in 1870, het hy die plaas Klipriviersberg gekoop. In 1872 is hy weer getroud met die weduwee Stephina Petronella Botha, gebore Strydom waarna hulle hulle intrek neem op Klipriviersberg.

**Jan Meyer en die Transvaalse Vryheidstryd**

Gedurende die Transvaalse Vryheidstryd was Jan Meyer deel van 'n kommando wat die taak gehad het om die Britse soldate wat in die verskillende Transvaalse dorpe was, vasgekeer en afgesny te hou. Toe dit vir sir Owen Lanynon, die Britse administrateur van Transvaal en opvolger van Shepstone, duidelik geword het dat die Transvalers vasbeslote was om die bestuur van die land oor te neem, het hy 'n afdeling soldate onder kol. Anstruther beveel om van Lydenburg na Pretoria te gaan om die garnisoen daar te versterk. Die Transvalers wou dit voorkom en het kmdt. Frans Joubert opdrag gegee om met 'n kommando hierdie opmars te stuit. Hierdie besluit het tot die eerste groot slag van die oorlog gelei. Op 20 Desember 1880 het die slag by Bronkhorstspruit plaasgevind. Binne enkele minute was die grootste gedeelte van die Britse soldate gedood of gewond. Jan Meyer se verdere bewegings tydens die oorlog is onbekend maar dat hy hom onderskei het kan aanvaar word omdat hy in 1881 aangestel is as veldkornet vir die wyk Kliprivier, deel van die landdrosdistrik Heidelberg. Dit was in hierdie hoedanigheid dat hy 'n belangrike rol gespeel het tydens die ontdekking van goud.

**Die ontdekking van Goud**

Met die ontdekking van goud op **Barberton** het Jan Meyer ook daar 'n draai gemaak en waardevolle kennis opgedoen rakende die identifisering van gouddraende erts. Toe dit in die tagtigerjare van die vorige eeu bekend geword het dat daar ook goud op die **Witwatersrand** was, het Jan Meyer volgens oorlewering, voorbeelde van die gouddraende erts bymekaar gemaak en dit na Pretoria geneem om die regering se aandag daarop te vestig. In 1884 het die regering aan hom die opdrag gegee om die bakens van die plase in sy wyk na te gaan om vas te stel of daar nie stukkies grond oorgebly het wat geen eienaar het nie. Dit het bekend gestaan as uitvalgrond en sou dan tot staatsgrond geproklameer word. Dit het hom 18 maande geneem om die opdrag uit te voer. In die proses het hy op die Witwatersrand so 'n stuk grond gekry wat hy, volgens oorlewering, Randjieslaagte genoem het. Die regering het in die tyd hulle veldkornette baie min betaal en omdat hy 18 maande in die saal was, het hy die regering versoek, om as betaling vir die werk wat hy gedoen het, (die staatskas was op die tydstip leeg en die Staatsekretaris het aan hom gesê dat die regering hom nie kon betaal nie), hierdie stukkie grond aan hom te gee. Die Volksraad was nie in sitting nie en die Staatsekretaris het gesê dat hulle eers sal moet wag tot die volgende sitting voordat oor die versoek besluit kon word. Ondertussen



*Die opening van die eerste myne op of naby die leierrif.*

het dit geblyk dat die Witwatersrand baie goud gehad het en die regering het besluit om eerder 'n dorp op die grond te stig, maar dat hulle die dorp na hom sal vernoem. Ongelukkig bestaan daar geen dokumentêre bewys dat die Staatsekretaris hierdie inligting aan Jan Meyer oorgedra het nie.

**Jan Meyer en die Openbare lewe**

Die ontdekking van goud het gelei tot 'n toestroming van delwers na die Witwatersrand. Dit het praktiese probleme opgelewer vir die grondeienaars. Oral het delwers toestemming gevra om op plase te delf. In ander gevalle, soos met die eienaar van die plaas Doornfontein, F J Bezuidenhout, het hulle sonder toestemming begin delf. Kapitaliste uit Kimberley het opsies op plase geneem of selfs plase opgekoop. In Pretoria was die regering aanvanklik van mening dat hierdie stormloop soortgelyk sou wees aan dié by Pelgrimsrus, Baberton en Lydenburg, nl. slegs tydelik. Die enigste regeringsamptenaar op die toneel was veldkornet Meyer en dit was sy taak om sake te hanteer soos die afpenning van kleims, ooreenkomste tussen grondeienaars en delwers, toekenning van delwerslisensies en die toepassing van die grondwet.

Die ontdekking het groot verantwoordelikhede op Jan Meyer se skouers geplaas, maar ook aan hom die geleentheid gebied om finansieel te baat by die fonds. Omdat die regering van mening was dat hierdie nuwe goudkoors net tydelik sou wees, moes Jan Meyer ook die rol van mynkommissaris vervul. Persoonlik het hy op 5 Julie 1885 'n prospekteerlisensie uitgeneem en op die plaas Doornfontein van sy vriend F J Bezuidenhout, vir homself kleims afgepen. In vennootskap met ene Charlton het hy die Meyer & Charltonmyn opgerig. Gelukkig vir hom was dit 'n baie ryk myn. Ondertussen het die stormloop so moeilik geword om te hanteer dat hy o.a. die regering versoek het om die gebied tot openbare delwerye te proklameer.

In Pretoria het die regering nou besef wat die waarde van die goudfonds was en op 4 Augustus 1886 besluit om die gebied as openbare delwery te verklaar. C J Joubert en J F B Rissik is na die gebied gestuur om te bepaal watter plase deur hierdie besluit geraak sou word. Hierin moes hulle uit die aard van die saak ten nouste met (die plaaslike veldkornet en tydelike mynkommissaris), Jan Meyer, saamwerk.

Op sy plaas, Klipriviersberg, het hy ook 'n winkel gehad. Voorrade van die winkel moes van Kimberley of Pietermaritzburg aangery word met 'n ossewa. As gevolg hiervan was hy bekend met 'n hele aantal Natallers. Met verloop van tyd het daar 'n delwerskamp naby sy myn en langs die spruit opgespring wat hoofsaaklik deur Natallers bewoon was. Hierdie kamp het die naam Meyerskamp gekry en die spruit het bekend geword as Natalspruit.

**Die afpen van kleims**

Die geologiese struktuur van die Witwatersrand was sodanig dat dit onmoontlik vir die afsonderlike kleimhouers sou wees om hulle kleims alleen te bewerk en dat swaar masjienerie nodig sou wees wat slegs die kapitaliste kon bekostig. Die verkryging van nog kleims was dus nodig. Om die huurders en eienaars van plase die geleentheid te gee om voldoende aaneengeskakelde kleims te bekom, is aanbeveel dat 'n mynpagbrief op hulle grond van die regering verkry moes word. Dit is 'n bepaalde stuk grond wat deur die regering aan die eienaar toegeken word waarop hy teen die betaling van 5/- per morg per jaar kon myn. Dit het die grondeienaar bevoordeel. 'n Delwerslisensie het £1 per kleim per maand gekos. Die houer van 'n mynpagbrief was in groot aanvraag en eienaars of huurders kon 'n goeie prys daarvoor vra. (Die grootte van 'n kleim was 50 by 130 meter). Op 20 Augustus 1886 het die regering besluit om mynpagbriewe aan eienaars en huurders uit te reik. Hierdie mynpaggronde is dan in kleims opgedeel. Op grond wat tussen 50 en 500 morg groot was, kon 'n mynpaggebied van 50 morg toegeken word. Die voordele wat die Goudwet verder vir die eienaar ingehou het was dat voor sy plaas tot openbare delwery verklaar kon word, die eienaar een tiende van sy plaas kon uitsoek, waarvoor hy dan van die regering 'n mynpagbrief gekry het. Die regering het egter die reg behou om, in plaas van die huurgeld $2^1/_2$% van die goudopbrengs uit die mynpaggronde in te vorder. Die eienaar kon verder vir homself tien kleims afpen waarop hy dan die gewone prospekteerlisensiegelde van 5/- per kleim per maand moes betaal. Verder moes die eienaar bepaal op watter plekke, soos tuine, landerye en sy plaasopstal, nie gedelf mag word nie. Delwerslisensies was 20/- per kleim per maand. Deur 'n plaas nie te verkoop nie, kon die Afrikanerboer groot finansiële voordeel vir homself behaal het.

**Jan Meyer word 'n mynmagnaat**

Tydens die goudstormloop het daar by verskeie geleenthede persone by Jan Meyer opgedaag om hom as waarnemende mynkommissaris lisensies te bekom om op sekere plekke te gaan myn. Voordat hy so 'n lisensie toegestaan het, het hy eers plaaslik gaan ondersoek instel en wanneer hy van mening was dat daar nie goud was nie, het hy dikwels geweier om 'n lisensie uit te reik. In sodanige gevalle het die persone reeds die grond van die eienaars opgekoop of opsies daarop geneem. Die belangstelling was dan groot. 'n Persoon wat die grond of sodanige grond reeds gekoop het, het soms andere kleims laat afpen en begin geldmaak. Bedrog het baie voorgekom. Dit was op hierdie wyse dat sy vennoot Charlton in finansiële moeilikhede beland het. Hy het £40 000 geskuld. Jan Meyer het die geld by die Bank van Natal geleen, sy vennoot se skuld gedelg, en die alleeneienaar van die myn geword. Sy myn was wes van die huidige slagpale en noord van die City Deep myn. D.w.s. naby die huidige Kaserne. Hierdie myn was baie ryk aan goud. Ongeveer in 1889 was daar tekens dat die mynbedryf 'n insinking gaan beleef. Op verskeie plekke het die leierrif weggeraak en moes daar dieper gedelf word. Skagte moes gesink word en dit het groot onkostes meegebring. Op hierdie tydstip het Jan Meyer 100 000 £1 aandele van sy myn op die beurs laat noteer. Omdat dit bekend was dat sy myn baie ryk aan goud was, het die andele gou £10 per aandeel behaal. Hierna het hy alles verkoop en die mynbedryf verlaat. Hy was 'n miljoenêr en het van die geld gebruik om grond te koop tussen Hammanskraal en Warmbad en tussen Standerton en die punt waar die Kliprivier en die Vaalrivier saamvloei. Met sy dood in 1919 het hy 56 000 morg besig. Sy kinders het elk ongeveer 7 000 morg geërf.

Na die Anglo-Boereoorlog het hy by Standerton 'n gedeelte van die grond beskikbaar gestel vir die stigting van 'n dorp vir behoeftige Afrikaners. Die stigting van die eerste N G gemeente in Johannesburg was ook o.a. aan sy inisiatief te danke. Tydens 'n erediens wat deur ds. Van Warmelo in sy huis gehou is, is daar besluit om 'n gemeente in Johannesburg te stig.

Met die uitbreek van die Anglo Boereoorlog was hy bykans 60 jaar oud. Hy het nie aan die oorlog deelgeneem nie. Sy seun, Org Meyer wat in later jare 'n kolonel geword het, was tot aan die einde by die stryd betrokke. 'n Jagongeluk het meegebring dat Jan Meyer nie die effektiewe gebruik van sy een been gehad het nie, met 'n kruk moes loop en daarom nie op kommando kon gaan



*Hierdie herehuis op Klipriviersberg is in 1891 opgerig. Die hoeksteen is op 31 Oktober 1891 gelê en die huis is op 31 Desember 1891 voltooi. Dit is gebou van klip wat op die plaas was. Die argitek was J.M. Kirston. Hy het ook Heidelberg se pragtige ou Klipkerk gebou. Die traliewerk van die verenda is in Glasgow gemaak en via Kimberley per ossewa na Klipriviersberg gebring.*

nie. Sy pragtige herehuis, wat vandag nog te siene is langs die snelweg tussen Germiston en Vereeniging en wat in 1891 opgerig is, is nie deur die Britse militêre owerhede afgebrand nie. Gedurende die oorlog is 'n hele reeks blokhuise, waarvan een nog te sien is langs die snelweg na Vereeniging, rondom Johannesburg opgerig met die doel om o.a. die goudmyne van Johannesburg te beskerm. Die meeste van die plase wat binne die ring blokhuise was, is deur die Britse owerhede onaangetas gelaat. Daar kan aanvaar word dat hy ook simpatiek behandel is deur die Britse militêre owerhede omdat hy betrokke was by die stigting van Johannesburg, dat hy 'n mynmagnaat was en dat hy die belange van die Uitlanders in Johannesburg in die ou Transvaalse Volksraad verteenwoordig het. Hy het Johannesburg vanaf 1887 tot 1892 in die Volksraad verteenwoordig as die eerste Volksraadslid vir Johannesburg. Sake waarvoor hy hom beywer het, was die verkryging van 'n munisipaliteit vir Johannesburg ('n saak wat wel gerealiseer het), die aanbou van die Delagoabaai-Pretoriaspoorweg deur Johannesburg (Lg. dui beslis op die besef wat hy gehad het van die belangrikheid van Johannesburg as 'n mark vir plaaslike en ingevoerde landbouprodukte en die feit dat baie nywerheidsmateriaal deur Johannesburg benodig word). Hy moes ongetwyfeld besef het dat die korter afstand na die hawe die mynmagnaat, handelaar, nyweraar asook die boere om Johannesburg sou bevoordeel). Derdens het hy 'n rol gespeel in die instelling van die Tweede Volksraad.

Ons kan aanvaar dat hy van mening was dat die Uitlanderbevolking van Johannesburg, indien hulle volle stemreg sou verkry, die Transvaalse Volksraad, vanweë hulle getalle, sou oorheers. Hy sou dus met president Kruger saamgestem het dat Uitlanders tot die Tweede Volksraad verkies kon word waar hulle hulle eie belange kon verteenwoordig. Belangrike sake soos buitelandse beleid en verdediging sou in die hande van die Eerste Volksraad, wat veral na die belange van die ou ingesetenes omgesien het, bly. Die rede vir die instelling van die Tweede Volksraad moet gevind word in die besef by president Kruger dat die Uitlanders met verloop van tyd Transvaalse burgerskap sou verkry en 'n meerderheid in die ou Volksraad kon kry. Hy was egter nie altyd seker waar hulle werklike lojaliteit gelê het nie. Omdat die oorgrote meerderheid Engelssprekend was, moes die vrees by hom bestaan het dat met hulle in 'n meerderheid, die soewereiniteit van die Transvaal dalk in gedrang kon kom, veral met inagneming van Britse imperiale indringing in Suid-Afrika, wat die Transvaal in die laaste paar jaar voor die Anglo Boereoorlog feitlik heeltemal omring het met Britse gebiede. As Voortrekkerkind moes dit vir beide hom en Jan Meyer belangrik gewees het om die ideaal van hulle ouers nl. onafhanklikheid, met besorgdheid te vertroetel. 'n Tweede rede was die besef by Jan Meyer dat die politieke aspirasies van die Uitlanders bevredig moes word. Hy was immers die man wat daagliks ten nouste met hulle saamgewerk het. Dit is baie duidelik dat hy gestreef het na samewerking met die Engelssprekende en die ander Uitlanders op die Witwatersrand veral as in aanmerking geneem word dat hy later (1894) 'n stigterslid was van die Witwatersrandse Landbougenootskap (vandag bekend as die Randse Skou) en vir jare lank tot kort voor sy dood in 1919 'n gewaardeerde vise-president van die genootskap was. Soos die meeste Boere is Jan Meyer ook swaar getref deur die Runderpes van 1896 - 97. Hy het baie beeste verloor, soos ook tydens die Anglo Boereoorlog en volgens sy kleinseun, mnr P L Meyer het hy dikwels die mis van siek beeste in die bekke van beeste wat blyk dat hulle die siekte onderlede het, gesmeer. Hy was nie 'n ondersteuner van die Rebellie van 1915/16 nie maar hy het elke oggend kos laat stuur vir genl. De Wet wat in die gevangenis in Johannesburg aangehou is.



*Gevolge van die Runderpes van 1896/97.*

Jan Meyer was slegs gedeeltelik betrokke by die stigting van Alberton. Hy het 'n gedeelte besit van die plaas Elandsfontein. Die res het aan sy moeder Hester Viljoen (voorheen Meyer, gebore Mulder) behoort. Toe die goudkoors op sy hoogste was, het 'n Amerikaanse maatskappy die weduwee Viljoen £75 000 vir die 120 morg wat haar man aan haar nagelaat het, aangebied. Jan Meyer en Frederick Bezuidenhout, eienaar van Doornfontein, was die eksekuteurs van haar boedel. Sy het Bezuidenhout gevra wat om te maak. Hy het aan Jan Meyer meegedeel dat hy geweier het om die bedrag te aanvaar omdat hy £85 000 wou gehad het. Die volgende dag het 'n kabelgram van De Aar aangekom waarin die maatskappy te kenne gegee het dat hulle bereid was om die bedrag te betaal. Tot Jan Meyer se groot onsteltenis, het Bezuidenhout hierdie aanbod ook nie aanvaar nie omdat hy nou £90 000 wou gehad het. Die saak is laat vaar en in 1903 is dieselfde stukkie grond vir £22 000 aan genl. Hennie Alberts verkoop vir die stigting van die dorp Alberton.



*F.J. Bezuidenhout die eienaar van die plaas Doornfontein na wie Bezuidenhoutsvallei vernoem is.*

**Stigting van die Randse Paasskou**

Na die ontdekking van diamante en die stigting van die dorp Kimberley, die ontdekking van goud en die stigting van die dorp Johannesburg het 'n groot behoefte ontstaan om al hierdie honderde mense van voedsel te voorsien en terselfdertyd 'n wins te maak. Voor al hierdie ontwikkelinge was die meeste Vrystaatse en Transvaalse boere hoofsaaklik daarop ingestel om hulself van voedsel te voorsien. Op die plase was daar gewoonlik 'n paar perde om vervoer te verskaf, 'n paar spanne osse om die waens te trek wanneer daar gejag word, dit nagmaaltyd was of wanneer noodsaaklike lewensmiddele op die dorp gaan koop moes word. Daar was pluimvee, 'n koring- en mielieland, 'n klein groentetuin en 'n perskeboord. Met die ontstaan van Johannesburg en Kimberley is 'n groot behoefte gevoel aan georganiseerde landbouproduksie en 'n liggaam om dit te bevorder, uit te brei, verbeter en om die algemene gehalte van landbouprodukte op te hef deur dit aan moderne boerderymetodes bloot te stel. Verskeie landbouverenigings het dwarsdeur die land onsuksesvol probeer funksioneer terwyl die Transvaalse Volksraad baie vyandig was teenoor die gedagte om 'n departement van landbou te stig. Wat nodig was, was 'n genootskap van produsente en handelaars om die landbou aan te moedig en tentoonstellings te reël.


Op 16 Maart 1894 het 'n klompie manne in Johannesburg bymekaar gekom om die stigting van so 'n genootskap te oorweeg. Daar is besluit om 'n komitee te benoem wat o.a. nuwe lede sou werf (belangstellendes) en sou reël vir 'n algemene ledevergadering wat in Mei gehou sou word. Op hierdie eerste algemene jaarvergadering van die Genootskap, gehou op 15 Mei 1894 was Johannes Petrus Meyer, ook teenwoordig. 'n Uitvoerende Raad is verkies. Dit was die begin van die Wit Waters Rand Landbouwkundige Genootschap wat jaarliks 'n tentoonstelling gehou het en in later jare bekend geword het as die Randse Paasskou. Jan Meyer se funksie was die van skakel tussen die Genootskap en die Uitvoerende Raad van die ZAR. As Volksraadslid vir Johannesburg en later Heidelberg, moes hy reël vir finansiële steun van die regering, die verkryging van 'n tentoonstellingsterrein en om behulpsaam te wees met die reëlings vir die eerste Randse skou. President Kruger het die skou amptelik geopen en Jan Meyer in sy hoedanigheid as veldkornet vir die wyk het met 50 berede en gewapende burgers deel van die groot erewag gevorm. Op die stigtingsvergadering van die Genootskap is Jan ook as vise-president benoem. Hierdie amp het hy beklee tot voor sy dood in 1919. Vir Jan het die Genootskap ook 'n ander doel gehad nl. om 'n beter verhouding te bewerkstellig tussen die boere en die Engelssprekendes. Op een of ander tydstip kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het Jan bedank as vise-president. Eers in Maart 1907 het Jan weer 'n lid van die Witwatersrandse Landbougenootskap geword. Op die vooraand van die 1908 se tentoonstelling het Jan oor twee sake sterk standpunt ingeneem nl.

1. die deelname van die regering aan die skou en
2. dat die Genootskap nie genoeg doen om Transvaalgeteelde vee aan te moedig nie.



*Die teekiosk met die orkestribune bo-op, wat deur oom Jan Meyer geskenk en in 1915 geopen is. Dit het uitgekyk op die arena. Die lede se klubgebou staan nou op die plek.*

Jan was gekant daarteen dat die regering kom meeding en pryse en bekers voor die arme hardwerkende boere wegraap. Daar is besluit dat die staat se inskrywings net sertifikate vir die hoogste toekennings sou kry. Die bestuur het onderneem om ook toekennings te gee vir plaaslike geteelde vee.



*Hierdie wa, gemaak van geel- en stinkhout, is deur Jan Meyer laat maak om tentoongestel te word tydens die skou van 1894.*

In 1910 is Jan vir die tweede keer verkies tot vise-president. 'n Groot probleem waarmee elke jaarlike skou te kampe gehad het, was die voorsiening van genoegsame verversings. Jan het 'n gedeeltelike oplossing hiervoor gehad toe hy 'n tee-kiosk geskenk het wat klaar gebou was vir die 1915 skou. Jan het in 1918 as vise-president bedank uit protes teen die feit dat Afrikaners nie op die uitvoerende komitee van die Genootskap gekies is nie. Hy was deur al die jare van mening dat die Genootskap hom ook ten doel moet stel om die twee Blanke bevolkingsgroepe te verenig juis omdat die landbou so 'n gemeenskaplike terrein is waarop versoening bewerkstellig kon word. Hy is die volgende jaar na 'n skietongeluk in sy 77ste jaar oorlede.

**Bronne:**


Gutsche, T.: *'n Spoggerige Medalje.* Kaapstad, 1970.

Die Vaderland: 31 Oktober 1983.

Leyds, G.A.: *A History of Johannesburg.* Johannesburg, 1964.

Rosenthal, E.: *Gold Gold Gold: The Johannesburg Gold Rush.* Londen, 1970.

Scholtz, G.D.: *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner. Deel III 1854 - 1881.* Johannesburg, 1974.

Stals, E.L.P. e.a.: *Afrikaners in die Goudstad. Deel I, 1886 - 1924.* Pretoria, 1978.


Persoonlike mededelings en herinneringe soos aan P.L. Meyer oorvertel deur sy vader, P.G. Meyer die seun van J.P. Meyer, en huidige eiennaar van die familieplaas, Kliprivíersberg.


**TAKIES GEBASEER OP DIE TEKS:**

St. 2, 3 en 4-leerlinge kan nadat hulle die teks deurgelees het die volgende oefening doen:

1. Kyk na die kaart wat die ligging van plase op die Witwatersrand aandui soos in 1905. Probeer vasstel op watter plaas die woongebied waarin jy woon, aangelê is. Dit kan gedoen word deur hierdie kaart te vergelyk met bestaande straatgidse vir die Witwatersrand en die name van plase te vergelyk met die name van voorstede van Johannesburg en ander dorpe op die Witwatersrand.
2. Waarom moes president Kruger 'n Tweede Volksraad instel?
3. Probeer vasstel aan watter vereistes persone moes voldoen om te kon stem of om vir die Tweede Volksraad verkiesbaar te wees.
4. Kyk of jy uit die teks kan aflei wat die funksies van die Tweede Volksraad en dié van 'n Veldkornet was.
5. Soek in die teks die gedeelte wat handel oor die Randse Paasskou. Stel vas vir watter doel dit gestig is. Skryf in een of twee sinne of die huidige Paasskou nog dieselfde funksies het en of daar nog bygekom het.
6. Stel jouself voor dat jy in Jan Meyer se tyd geleef het. Waarom sou jy hom as 'n belangrike man beskou het?
7. Wat is 'n kleim?

## PLAN VAN DIE WITWATERSRAND WAT DIE LIGGING VAN PLASE EN DIE DAGSOOM AANDUI, 1886




Bygewerk uit: Plan of the Witwatersrand shewing the situation of bewaarplaatsen, waterrights etc.